



Nuusbrief

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Graag wil ek elke Wonnee-ouer en leerder terug verwelkom in Wonneland. Baie welkom ook aan elke nuwe graad 8-leerder oftewel Panda. Mag die volgende 5 jaar onder die beste 5 jaar van jou lewe tel. Welkom ook aan nuwe Wonnies wat in ons ander grade aangesluit het by die skool.

Ons tema vir 2022 is **Volhard en behou hoop**, wat gebaseer is op Romeine 5:3-4 wat sê dat swaarkry volharding kweek en dat volharding egtheid van geloof (karakter in die Engelse vertaling) kweek en dat egtheid van geloof hoop kweek. Volharding en hoop is dus onlosmaakbaar aan mekaar verbind. Ons almal is deur 'n moeilike twee jaar. Maar as ons volhard in die goeie dinge, dien dit as die boustene van 'n hoopvolle toekoms. Daarom wil ek elke Wonnee en Wonnee-ouer bemoedig om te volhard in dinge soos getroue skoolwerk, dissipline en die ondersteuning van ons skool. Wanneer daar nie volhard word nie, val dinge uitmekaar en hoop kwyn stadig maar seker.

Mag 2022 'n jaar van wonderlike hoogtepunte vir een en elkeen verbonde aan ons geliefde skool wees.

Mnr. M Lezar
Skoolhoof



14 JANUARIE 2022

INHOUD

Gedragskode

Nuwe Personeel

Wolkskool

Skooltye

Interhuis Atletiek

Toegangshekke

Gr.12 Registrasie

Navrae

Afleverings

Medikasie

Voorkoms

Sagtebal

GEDRAGSKODE

Ons gedragskode het 'n omvattende hersiening ondergaan om dit meer vaartbelyn te maak. Vergewis uself daarvan deur dit (saam met u kind) agter in die dagboekie van u kind deur te gaan.

NUWE PERSONEEL

Welkom



**HARTLIK WELKOM AAN DIE NUWE ONNIES VAN WONDERBOOM.
MAG JULLÉ 'N GESEEËNDE TYD BY ONS ERVAAR.**

Van links: Me. Thea van der Walt (Wisk), Mnr. Ruben Meyer (Assistent), Me. Danica Erasmus (Wisk), Me. Lourie Nortman (Admin), Me. Nadia van Niekerk (Afr) en Me. Thilize van der Heever (Assistent)

WOLSKOOL



Graad 9-12 leerders wat reeds 'n wonnie wolkskool account het, hoef net jou graad te verander en moet met jou ou e-pos en wagwoord inteken. Die nuwe leerders en Graad 8-leerders moet 'n nuwe rekening gaan skep. Sien die skakels vir beide stappe hieronder: [Wolkskool hoe om graad te verander](#)

[Wolkskool skep nuwe leerder](#)



SKOOLTYE

Daar is verskeie media-berigte rakende die bywoning van skool deur Hoërskoolleerders. Die Hoëskool Wonderboom het egter reeds in 2021 aansoek gedoen dat die volle skool, ELKE DAG, terug is by die skool. Die rooster is weer so gebou ten einde hierdie reëling te kan ak-kommodeer. **Alle grade is dus elke dag by die skool.**

DIE SKOOLTYE IS SOOS VOLG:

Maandag tot Vrydag begin die skool om 7:25 tot 14:00. Die klok lui om 07:25. Leerders moet dus reeds om 7:30 in die terrein wees. Die hekke sluit om 7:30. Leerders wat na 7:30 arriveer se ouers neem hul na die hoofhek, waar die ouers die leerder self by die skool kom inteken.

NB: Let daarop dat die skool ook op Vrydae om 14:00 uitkom. Aan die begin van die jaar is daar egter wel verskeie atletiekbyeenkomste, waar die skool vroeër sal verdaag. U sal betyds hiervan ingelig word.

ATLETIEK INTERHUIS 2022

Die atletiek Interhuis-kompetisie vind op Vrydag, 14 Januarie, plaas. Dit is 'n gewone skooldag. Baie dankie vir die GROOT hoeveelheid Wonnies wat vandag deelgeneem het. Alle leerders moet teenwoordig wees by die skool. Leerders wat afwesig is, handig (soos normaal) 'n dokterbrief in. Indien geen doktersbrief ingehandig word nie, word die afwesigheid aangeteken as stok-



TOEGANGSHEKKE

Die graad 8-10 leerders gebruik die sporthek vir toegang kiesdraai. tot die skool, terwyl graad 11-12 toegang tot die skool verkry by die klein hekkie op die draai. Slegs lede van die matriekraad mag gebruik maak van die hoofingang.



GRAAD 12 REGISTRASIE

Die graad 12 leerders word teen die einde van Januarie geregistreer by die Departement van Onderwys ten einde matriek te kan skryf. Elke matrikulant moet dus teen die einde Januarie 'n ID-kaart hê om te kan regstreer.

NAVRAE

Indien u enige navrae het rakende situasies van die skool moet u asseblief gebruik maak van die kontakbesonderhede soos hieronder gelys.

Afwesighede:

admin@wonnies.co.za

Uitteken gedurende skoolure:

ontvangs@wonnies.co.za

Finansies:

finasies@wonnies.co.za

(skoolfondsnavrae en bewys van betaling)

Finansies:

invorderaar@wonnies.co.za

(agterstallige skoolfonds en subsidies)

Sport:

carl@wonnies.co.za

Kultuur:

minnaar.j@wonnies.co.za

Bemarking:

bemarking@wonnies.co.za

Algemene navrae:

hswb@wonnies.co.za

Akademiese navrae:

mcgeert@wonnies.co.za

Vakveranderings:

registrateurs@wonnies.co.za

Graad 8: Me N Strydom

registrateurs@wonnies.co.za

Graad 8: Mr B Deysel

barend.deysel@wonnies.co.za

Graad 9: Ms. S Venter

engels@wonnies.co.za

Graad 10: Ms. M Bouwer

wiskunde@wonnies.co.za

Graad 11: Ms. R Engelbrecht

rene.e@wonnies.co.za

Graad 12: Mr. J Janse van Rensburg

janjvr@wonnies.co.za



AFLEWERINGS TYDENS SKOOLURE

Geen aflewerings van kospakkies, boeke ens. mag by die skool gedoen word tydens skoolure nie. Ons vra asseblief alle ouers en leerders se samewerking in die verband. Die hekwag is opdrag gegee om enige sulke aflewerings vir leerders van die hand te wys.

MEDIKASIE BY DIE SKOOL

Ingevolge die Wysigingswet op Medisyne en verwante middels, mag geen medikasie aan leerders deur die skool gegee word nie. Indien leerders die huis verlaat en siek voel, moet die ouers asseblief voor-siening maak vir medikasie vir die dag se gebruik.

VOORKOMSKONTROLE

Voorkomskontrole sal op Dinsdag, 18 Januarie gedoen word. Leerders moet asseblief seker maak hulle voorkoms is gereed soos wat die gedragskode van die skool dit bepaal. Leerders sal huis toe gestuur word indien hul voorkoms nie reg is nie.

SAGTEBAL

Klarise du Preez en Jene Bezuidenhout is albei verkies tot die TSA (Tswane Softball Association) se o.19 Green Sox span. Hulle gaan aan die Gordon Monk toernooi deelneem wat plaasvind op 28 - 30 Jan 2022 in Kemptonpark. Me. Mariette Shrives (Wonnies Sagtebal Afrigter) is aangewys as hulpafrigter van die span.



WONNIE IDOLS²²

TEMA: LIEFDE

OUDISIES: 17 - 20 JANUARIE 2022 -

POUSE

LOKAAL: F9

2021 FINALISTE HET NIE 'N OUDISIE
NODIG NIE. JY MOET WEL
MEV. RHEEDER INLIG
INDIEN JY WEER
WIL DEELNEEM.



DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM



MNR. & MEJ WONNIE '22

INSKRYWINGS OPEN

MAANDAG

17 JANUARIE 2022

INSKRYWINGS R20 P.P.

BY 050



Jy het die potensiaal - gee net die eerste tree!



KOOROUDISIES 2022: 18 - 20 JANUARIE

Gee jou naam op in 012 by Juf Holland-Muter

ADVERTENSIEBLAD:



Theron` s Vleisprodukte

die IN-PLEK vir die GELDSLIM verbruiker!



Hier kan jy nog `n braabederfie, kosblik snoepgoed en benodighede vir gehalte etes aankoop teen Gawe pryse!

Ons vervaardig weense worsies, ham, polonie, ribbetjies en vele meer!



Besoek ons Winkel by 185 Charlotte Maxeke Straat Pretoria Wes

Tel: 012 327 3200/2327/2483 WhatsApp: 076 537 1524

Aanlyn bestellings kan gedoen word by
theronsvleisprodukte.co.za